Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Republiek van die Oranje-Vrystaat: Hooflyne van ’n kerk-staatverhouding, 1854-1902

Piet Strauss
Navorsingsgenoot Departement Ekklesiologie
Universiteit van die Vrystaat
straussp@ufs.ac.za

Abstract

The Dutch Reformed Church and the Republic of the Orange Free State: the main lines of a church-state relationship 1854-1902

A close relationship existed between the Dutch Reformed Church in the Orange Free State and the Republic of the Orange Free State during the existence of the latter in 1854-1902. This was due to a shared world view and the fact that more than 80% of the voters of the Republic were members of a Dutch Reformed congregation. It has been said that the Dutch Reformed Church in the Free State was a state-church. Although it benefited in the circumstances, the Dutch Reformed Church remained independent and undominated by the government. An own approach could be seen in the thinking, resolutions and actions of the Dutch Reformed Synod in the Free State. Close ties between this church and state were visible in their formal and informal contact. The government supported the Dutch Reformed Church in the Free State spiritually and financially and the latter influenced the policies and actions of the Free State Government. Both institutions held great respect for each other.

Keywords: Dutch Reformed Church of the Orange Free State; Republic of the Orange Free State; Parliament; State church; Priveleged church; Constitution; Republican tradition; Dutch Reformed Church; Social legislation and education; Obedience to state authority.

Inleiding

In ’n MA-verhandeling aan die Universiteit van Suid-Afrika oor die verhouding tussen kerk en staat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat of Vrystaat, 1854-1902, kom JD Kriel tot die gevolgtrekking dat die

Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat (of die Vrystaat), die "staatskerk" was.[1] Kriel maak gewag van 'n "gesonde samewerking en 'n innige onderlinge belangstelling" tussen die Volksraad en die Ned Geref Kerk in die Vrystaat, daardie sinodale verband van die Ned Geref Kerk wat in die Vrystaatse Republiek bestaan het. Hy noem dit die belangrikste kenmerk van die "innerlik godsdienstige en staatkundige lewe" van die Republiek.[2] Die kern van sy argument baseer Kriel op Artikel 22 van die Vrystaatse Grondwet van 1854. Artikel 22, soos gewysig na Artikel 24 in 1867, het bepaal dat die "Nederlandsche Hervormde Kerk" (na 1867 die Ned Geref Kerk) deur die Volksraad "bevorderd en ondersteund" sal word. Daarmee het die Artikel – aldus Kriel – van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat die "Staatskerk van die Republiek" gemaak.[3]

Hierdie standpunt van Kriel word deur Oberholster en Van Schoor in hulle werk oor die eerste eeu van die Sinode van die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat betwis. Volgens hulle is die Ned Geref Kerk in die Vrystaat deur die Vrystaatse regering van 1854-1902 begunstig sonder dat hierdie kerk "besondere regte en voorregte" – dus wetlik – bo ander kerke in die Republiek geniet het. Gevolglik, volgens hulle, kan die Ned Geref Kerk in die Vrystaat van 1854-1902 nie "sonder meer" tot "die Staatskerk" verklaar word nie.[4] 'n Breë konsensus bestaan egter onder skrywers dat 'n nou band tussen die Vrystaatse Volksraad en die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat bestaan het.

Hierdie menings van Kriel, Oberholster, Van Schoor en ander stel ons voor die vraag: was die Ned Geref Kerk in die Vrystaat tussen 1854-1902 teoreties en prakties 'n staatskerk? Om 'n afdoende antwoord op hierdie vraag te vind, moet die Grondwet van die Republiek van die Oranje-Vrystaat, ander wette van die Republiek, besluite van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat in sy verhouding tot die staat, en voorbeelde uit die verhouding tussen die Ned Geref Kerk in die Vrystaat en die Vrystaatse Republiek uit die tydperk 1854-1902 ondersoek word. Verder, hoe is die Vrystaatse Grondwet op hierdie punt destyds verstaan en toegepas? Dieper beskou, wat was die filosofies-lewensbeskoulike agtergrond van Ned Geref Kerk-Republiek-verhouding?

1 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat 1854-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Eisiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery, 1953), p. 166.

2 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 207.

3 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 168; OVS Wetboek 1854-1891, *Constitutie* (Sonder plek, uitgewer en datum), p. 14.

4 JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat* (Bloemfontein, NGK-OVS, 1964), p. 109.

Hierdie agtergrond is vir die tema van die artikel belangrik omdat meer as 80% van die toenmalige stemgeregtigde burgers van die Vrystaatse Republiek lidmate van Ned Geref -gemeentes was. As die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat nie, soos beweer, destyds 'n staatskerk was nie, wat was die aard van die verhouding tussen hierdie kerkverband en die Republiek van die Oranje-Vrystaat van 1854-1902?

'n Verhouding vorm en ontwikkel

Na die voorlopige beïndiging van die Basoetoevraagstuk in 1869 het sowel die Vrystaatse Republiek as die Ned Geref Kerk in die Vrystaat tot met die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog in 1899 'n "kalme atmosfeer" beleef. In teenstelling met die Zuid-Afrikaansche Republiek as sustersrepubliek (tussen die Vaal- en Limpopo riviere), het die Britse anneksasie in 1877, die Vryheidsoorlog van 1880-1881, die ontdekking van goud in 1886 met 'n instroming na die Witwatersrand van vreemdelinge in taal en lewensbeskouing, en die Jamesoninval van 1895, die Vrystaat gespaar gebly. Boonop het die Ned Geref Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek of – soos deur die kerk destyds gebruik, Transvaal – in die 1850's in drie verdeel. Na die Vryheidsoorlog van 1880-1881 sou 'n mislukte "hereniging", met sy gevolge, twee van hulle, naamlik die Ned Geref Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR, in 1885-1892 tref. Die derde kerk wat geïmpliseer word, die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, sou buite dié proses bly.[5]

Hierteenoor het die Vrystaat in hierdie tyd feitlik ongestoord in 'n modelrepubliek ontwikkel.[6] Die lidmate van die Ned Geref Kerk het deurgaans meer as 80% van die stemgeregtigde burgers van die Vrystaatse Republiek getel.[7] Die Ned Geref Kerk in die Vrystaat was geheg aan die Kaapse Ned Geref

5 GBA Gerdener, *Geskiedenis van die Ned Geref Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1934), pp. 205-206.

6 MCE van Schoor en JJ van Rooyen, *Republieke en republikeine* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1960), pp. 96-121. Vir die term "modelstaat", kyk GBA Gerdener, *Geskiedenis van die Ned Geref Kerke...*, p. 205 en JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat...*, p. 107 wat dieselfde term by 'n Engelse geleerde, Lord Bryce, kry.

7 In 1880 het slegs een sesde van die blanke bevolking nie aan die Ned Geref Kerk behoort nie. In 1890 het hierdie syfer gedaal na minder as een agste, naamlik 8 776 uit 'n bevolking van 77 716. JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat...*, p. 107. Die stem van die "volk" was "alle volwasse, manlike, stemgeregtigde burgers". Sien MCE van Schoor en JJ van Rooyen, *Republieke en republikeine...*, p. 137. In daardie tye het slegs mans stemreg gehad – 'n gebruik dwarsdeur deur die destydse wêreld. Sien J Visagie, "Uittog en vestiging van die Voortrekkers in die binneland", F Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag* (Kaapstad, Tafelberg, 2012), p. 144.

Kerk wat na 1652 in die Kaap gevestig is, wou gereformeerd wees in belydenis en kerkregering[8] en het begeer om rekening te hou met "de behoeften van dit land", die Vrystaat.[9] Oberholster en Van Schoor voeg hierby dat die Ned Geref Kerk in die Vrystaat die Christelike leer gehandhaaf, kennis daaroor vermeerder, Christelike sedes, orde en eendrag in die Republiek bevorder, en onderdanigheid aan die staatsowerheid en sy wette gestimuleer het.[10]

In 1865 toon die eerste voorsitter van die eerste sinode van die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, ds Gilles van der Wall, ook hierdie sentimente van staatsverbondenheid en steun aan. Hy wys op die liberalisme in die Kaapse Ned Geref Kerk wat sekere dele van die belydeniskrifte van die Gereformeerde Kerk verwerp en anti-gereformeerd is. Hy is daarvan oortuig dat die Ned Geref Kerk in die Vrystaat met 'n eie sinode die Christelike "lewe" in die Republiek sal bevorder, dat die inkomste van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat sal verdubbel, en dat Gods ryk in die Vrystaat bevorder sal word.[11]

GBA Gerdener skryf dat, in meer as enige ander gebied noord van die Garieprivier, die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat die "hele volkslewe" beheers en "die hele seggenskap" het.[12] Die Ring van Fauresmith praat in 'n brief aan die Vrystaatse Volksraad op 11 Mei 1866 van die Ned Geref Kerk "als het uitgebreidste en meest vermogende Kerkgenootschap in dit Land".[13] In 'n ander brief aan die Volksraad op 20 April 1869 wys die Sinodepraeses of -voorsitter, ds P Roux, op die invloed van die Evangelieprediking van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat op die kweek van 'n hegte band tussen die OVS-Volksraad en die volk en op die bevordering van die welvaart, goeie sedes en wetsgehoorsaamheid in die gemeenskap.[14]

Dieselfde gedagterigting word op 6 Junie 1867 in 'n brief van die toenmalige praeses, Gilles van der Wall, aangetref. In sy bedanking van 'n beroep na die NGK Kaapstad, noem hy die Ned Geref Kerk in die Vrystaat die "steun des Staats".[15] 'n Steun wat waarskynlik ook aan die invloed van die prediking van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat gekoppel moet word omdat dit

8 JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat...*, pp. 76-77.
9 PJ Strauss, "Die sinodale verband van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat: enkele tendense by die ontstaan daarvan in 1864-1865", *Acta Theologica*, 27(1), pp. 125-131.
10 JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat...*, p. 83.
11 Vir die verslag van die vergadering, sien GBA Gerdener, *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1930), p. 148.
12 GBA Gerdener, *Geskiedenis van die Ned Geref Kerke...*, p. 205.
13 GBA Gerdener, *Boustowwe vir die geskiedenis...,* p. 165.
14 GBA Gerdener, *Boustowwe vir die geskiedenis...,* p. 172.
15 GBA Gerdener, *Boustowwe vir die geskiedenis...,* p. 170.

die hoofaksie van die Ned Geref Kerk is waaraan genoemde 80% van die stemgeregtigde burgers blootgestel word. Kriel beweer dat die Ned Geref Kerk deur sy "sedelike invloed" die taak van die Volksraad in die Vrystaat vergemaklik het. Sy bewering is onder meer geskoei op 'n toespraak van die Kaapse goewerneur, sir George Grey, in Maart 1855 voor die Kaapse Parlement, waarin Grey aanvoer dat die Ned Geref Kerk 'n sterk, positiewe invloed op die Vrystaatse gemeenskap uitoefen: [16]

> … the discipline and system of that church imposes regularity, decency, order and propriety of conduct, and in fact fulfils many of the functions of Government and law…

Volgens Kriel spruit hierdie verhouding in die Vrystaat in die jare 1854-1902 uit 'n Protestants-Christelike beskouing waarin die soewereiniteit en heerskappy van God oor kerk én staat erken is. By nadere ontleding blyk daar ook 'n aanvoeling vir die eie aard en taak van beide kerk en staat te wees.[17]

Die Vrystaatse Grondwet, die Volksraad en die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat

Vir 'n antwoord op die probleemvraag van hierdie artikel word daar eers gekyk na die bewoording van die Vrystaatse Grondwet en daarna hoe die Volksraad (regering) dit in sy verhouding tot die Ned Geref Kerk in die Vrystaat toegepas het. Aan die Grondwet was die Volksraad in sy optrede gebonde. Boonop kon die Volksraad as staatsinstelling sy wil in die Vrystaat afdwing.

Was die Grondwet in hierdie omskrywing van die verhouding tussen die Vrystaatse Republiek en die Ned Geref Kerk in die Vrystaat 'n tipiese voorbeeld van die republikeinse tradisie en samelewingsopvatting van Afrikaners – spesifiek die Voortrekkers van 1835-1840?[18] Die ontstaan van die Vrystaatse Republiek in 1854 word immers as 'n hoogte- of kulminasiepunt van die Groot Trek van 1835-1840 beskou.[19] Vroeër is verwys na die verbintenis tussen kerk en staat in die OVS voor 1902. Daarom bepaal Artikel 22 van die

16 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 172.
17 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 163.
18 Die naam "Voortrekkers" en "Groot Trek" dateer uit die 1870s. Tot in daardie stadium is die Trekkers "Emigrante-Boere" genoem. JT du Bruyn, "Die Groot Trek", T Cameron (red), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld* (Kaapstad, Human en Rousseau, 1986), pp. 127-137.
19 MCE van Schoor en JJ van Rooyen, *Republieke en republikeine...*, pp. 107-110; 128-129.

Vrystaatse Grondwet na 1867 dat: "De Nederduitsch Gereformeerde Kerk zal door den Volksraad bevorderd en ondersteund worden".[20]

Dat hierdie kerk so in die Grondwet aangedui word, was tot 1867 egter nie die geval nie. Reeds op 11 Mei 1865 versoek die eerste sinode van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat die Vrystaatse Volksraad dat Artikel 22 van die Grondwet van 1854 gewysig word. Artikel 22 het bepaal dat die "Nederlandsch Hervormde Kerk" deur die Volksraad bevorder en ondersteun sal word; 'n kerk wat – bloot op die naam af – toentertyd nie in Suidelike Afrika bestaan het nie. Gevolglik versoek praeses Gilles van der Wall die Volksraad in 'n brief op 13 Mei 1865 dat die naam "Nederlandsch Hervormde Kerk" wat "abusievelyk" in die Grondwet ingeskryf staan, na die "juister geformuleerden Titel 'Nederduitsch Gereformeerde Kerk'" verander word. Tipies in die 19e eeuse styl voeg hy by "dat het U.HEd. moge behagen". Sy groot rede: hy wil misverstand voorkom.[21]

Die saak sloer egter by die Volksraad. Hoewel die Raad die brief op 26 Mei 1866 ter tafel neem en die geldigheid van die argument van die naam Ned Geref Kerk deur die notule van 29 Maart 1854 – met die skryf van die Grondwet deur volksverteenwoordigers – bevestig word, volstaan hy voorlopig met 'n regstelling in die staatskoerant. Hy debatteer ook die meriete van die name "Hervormde Kerk" en "Gereformeerde Kerk" en die wenslikheid om die Grondwet hieroor te wysig. Omdat die saak vir die Volksraad van groot belang is en om lede 'n kans te gee om dit deeglik te oorweeg, word daar op 28 Mei 1866 besluit om die saak tot die volgende sitting van die Raad uit te stel.[22]

Daarom herhaal die volgende Sinode van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat die versoek op 10 April 1867. Die versoek word vervat in 'n brief onder datum 16 April 1867 en nou onderteken deur die volle moderatuur: praeses G van der Wall, assessor AA Louw (Fauresmith) en skriba AP Meiring (Edenburg). 'n Meer omvattende motivering word ook aangebied.

Volgens die moderatuur is die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat "in naam, leer, tucht en dienst" gelyk aan die Ned Geref Kerk in die Kaapkolonie. In die bekende Ordonansie 7 van 1843 van die Kaapkolonie word laasgenoemde "Gereformeerd" genoem. Dit is in Engels vertaal met

20 OVS Wetboek 1854-1891, *Constitutie...*, p. 14.

21 GBA Gerdener, *Boustowwe vir die geskiedenis...,* p. 161; Vrystaatse Kerkargief, Brief van praeses G van der Wall, 13 Mei 1865, handgeskrewe; JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat...*, p. 82.

22 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 174.

"Reformed". In Ordonansie 16 van 1845 is "Reformed" na Nederlands terugvertaal met "Hervormd", 'n fout wat nie deur die Ned Geref Kerk in die Vrystaat gemaak of veroorsaak is nie. Laasgenoemde het hom in 1864 op Smithfield, by die vorming van sy eie sinodale verband, as 'n Nederduitse Gereformeerde Kerk gekonstitueer. Die gemeentes van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat – vroeër die Oranjerivier-Soewereiniteit en nou die Republiek van die Oranje-Vrystaat – is uitgesproke verbonde aan die "Gereformeerde Kerk".[23]

Die blote feit dat die Moderatuur die gereformeerde "leer, diens en tug" as die uitstaande kenmerke van kerke op die Dordtse lyn,[24] gebruik, beteken dat hy in Nederlandsgeoriënteerde gereformeerde – nie hervormde[25] nie – kringe beweeg. Ter bevestiging hiervan, nader die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in die 1880's die Ned Geref Kerk in die Vrystaat in 'n rondskrywe oor die vereniging van kerke op 'n gereformeerde grondslag. Hulle voorwaardes vir eenheid maak die gebruik van die Evangeliese Gesange in die dienste van so 'n kerk egter onmoontlik. So word die saak wat aanvanklik aan die Sinodale Kommissie van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat vir voorlopige ooreenkomste opgedra is, van sy agenda verwyder.[26]

Hierdie keer aanvaar die Vrystaatse Volksraad die versoek van die Sinode van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat van 16 April 1867 eenparig. Die Volksraad neem sy besluit op Saterdag 25 Mei 1867 na 'n "geringe bespreking". In 'n nuwe artikel 24 van die Grondwet sou die Vrystaatse Republiek die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat bevorder en ondersteun.[27]

Die deeglike aanpak van die Volksraad in hierdie saak moet verwelkom word, maar verraai tog 'n gebrekkige aanvaarding van die eie aard en privaatregtelike burgerreg van die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat om self oor sy naam te besluit. 'n Gebrek en 'n mede-besluitneming deur die Volksraad wat, aan die ander kant, egter die nou bande en gemeenskaplike belange van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat

23 GBA Gerdener, *Boustowwe vir die geskiedenis...,* p. 169 vir brief; PJ Strauss, "Die sinodale verband van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat...", *Acta Theologica*, 27(1), p. 124.

24 PJ Strauss, *Gereformeerdes onder die Suiderkruis 1652-2011* (Bloemfontein, Sunmedia, 2015), p. 77. Die Gereformeerde Kerk (GKSA) in Suid-Afrika wat die Dordtse Kerkorde van 1619 gewysigd aanvaar, handhaaf 'n eenheid in leer, diens en tug tussen kerke nog in die 21ste eeu as die voorwaarde vir die vorming van een kerkverband, of, in die taal van die GKSA," kerkegemeenskap".

25 Die naam "hervormd" hou verband met kerklike veranderinge teen 1816 in Nederland wat op 'n ongereformeerde belydenisvryheid neerkom. Hierdie kwessie speel 'n deurslaggewende rol in die herstel van die Ned Geref Kerk in Transvaal uit die Hervormde Kerk (NHKA) rondom 1866, onder leiding van ds. FL Cachet. Kyk GBA Gerdener, *Boustowwe vir die geskiedenis...,* pp. 323-331.

26 GBA Gerdener, *Geskiedenis van die Ned Geref Kerke...*, p. 214.

27 Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Hoog-edelen Volksraad. Notulen 1867* (Bloemfontein, Van Iddekinge, 1868), p. 8.

en die Volksraad van die Vrystaatse Republiek in hierdie tyd weerspieël.

'n Vraag wat hieruit ontstaan, is: indien die Volksraad die versoek van die Sinodes van 1865 en 1867 sou weier, wat sou die gevolge daarvan vir die verhouding tussen die Ned Geref Kerk in die Vrystaat en die Republiek van Oranje-Vrystaat wees? Of het die Volksraad so 'n respek vir die eie aard van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat gehad dat so 'n weiering bowendien 'n onmoontlikheid was? In so 'n geval was die uitstel van die besluit deur die Volksraad eerder daarop gemik om 'n ingeligte handeling te verrig.

Wat hierdie reaksie van die Volksraad in finale instansie weerspieël, is sy "natuurlike" neiging om die nou band tussen die Ned Geref Kerk en die Republiek van die Oranje-Vrystaat te erken, maar in die proses ook die eie aard van die eersgenoemde om oor intern-kerklike sake te besluit, te eerbiedig. Indien die Ned Geref Kerk in die Vrystaat die staatskerk in die volle sin van die woord was, sou die Volksraad eenvoudig oor sy naam besluit het.

Dat hierdie onderskeid oor die eie aard in die Republiek as 'n partylose demokrasie òòk in die Ned Geref Kerk in die Vrystaat geleef het, blyk uit 'n saak op die Sinode van 1885. Hierdie vergadering het besluit dat geen ouderling wat 'n lid van die Volksraad is, na die Sinode afgevaardig mag word nie (Dit is 'n kerklike gebruik om nie van sinodesitting nie, maar sinode te praat). Die gevoel was dat een persoon nie in beide die Sinode en die Volksraad sitting moet neem nie weens 'n moontlike konflik van belange. In so 'n geval kan 'n onverbonde beoordeling onmoontlik wees.[28] Die Sinode van 1885 aanvaar dit dus nie dat hy en die Volksraad identiese belange dien nie.

Die Oranje-Vrystaat-Grondwet in die republikeinse tradisie van Afrikaners

Die republikeinse tradisie van die Voortrekkers en hulle nasate het verskeie invloede ondergaan: dié van die gereformeerde Protestantisme uit die 16de en 17de eeu én die Verligting sedert ongeveer 1650, via die Amerikaanse Grondwet van 1787 en die Nederlandse Patriotbeweging van die 18de en 19de eeue. Laasgenoemde vind in die Kaapse Patriotte van die 18de eeu (vergelyk die opkoms van die demokrasië in Swellendam en Graaff-Reinet) sy eweknie.[29]

Die kerk-staat verhouding in die Afrikaanse gereformeerde tradisie moet

28 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (Sonder plek en uitgewer, 1885), p. 771.
29 MCE van Schoor en JJ van Rooyen, *Republieke en republikeine...,* pp. 3-31, 107.

in sy kern egter na die Hervormer, Johannes Calvyn (1509-1564), en die Nederlandse gereformeerde samelewingstradisie van die 16de en 17de eeu wat hierop bou, teruggevoer word. 'n Tradisie wat verwoord word in Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) uit 1561 – soos onderskryf deur die Ned Geref Kerk – en die Dordtse Kerkorde van 1619[30] – 'n Kerkorde wat tot 1824 die "vigerende" kerkorde van die Ned Geref Kerk aan die Kaap was.[31]

Hiervolgens staan beide kerk en staat onder die gesag van God-Drieënig. Die kerk moet werk met die geloofsimplikasies van die Evangelie en die staat met reg en geregtigheid aan almal op sy gebied. Beide is geroep tot diens aan God. Die kerk moet by sy lidmate orde en gehoorsaamheid aan die owerheid inskerp en die staat moet die kerk ondersteun in sy vryheid van geloof en geloofstaak. Hierdie opvatting kry veral gestalte waar die burgers van die staat gelowiges is wat aan dieselfde kerk behoort. In Nederland – soos in die Genevé van Calvyn – het dit gelei tot die idee van 'n teokratiese verbondsgemeenskap en die bevoorregting van die Gereformeerde Kerk deur die staatsowerheid;[32] 'n bevoorregting wat tot die aanstelling en besoldiging van predikante, die stigting van gemeentes deur die staat en staatsinspraak in kerklike besluite gelei het. Aan die Kaap het die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie deur sy Politieke Raad die gereformeerde godsdiens ondersteun. Met die landing in Tafelbaai van Jan van Riebeeck en 90 bemanningslede in April 1652, het hy in sy formuliergebed beloof om die gereformeerde leer en geloof te bevorder. Van Riebeeck het sy tog in diens van die Kompanjie as 'n gevolmagtigde van die Nederlandse regering (State-Generaal) onderneem. Voor die stigting van die eerste gemeente van die Ned Geref Kerk, Kaapstad in 1665, het die Politieke Raad as 'n tussentydse "kerkraad" opgetree. Die rede: Die oorhoofse belang van kerk en staat, naamlik die eer van God, was dieselfde. Die lidmate van die Ned Geref Kerk en die burgers van die staat was twee kante van dieselfde munt. Die Politieke Raad, as die waarnemende kerkraad, wou daarom ook in kerklik-gereformeerde belang optree.[33]

30 P Biesterveld en HH Kuyper, *Kerklijke handboekje* (Kampen, Bos, 1905), pp. 225-250.
31 JD Vorster, "Die kerkorde van die NG Kerke", *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 1/4, p. 13; PJ Strauss, *Kerk en orde vandag* (Bloemfontein, Sunmedia, 2010), p. 19.
32 AD Pont, *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg II* (Pretoria, Kital, 1991), p. 171.
33 PJ Strauss, *Gereformeerdes onder die Suiderkruis...,* pp. 5-8.

Teen hierdie agtergrond het Artikel 18 van die Grondwet van die Voortrekkerrepubliek Natalia (1838 -1843)[34] van die Ned Geref Kerk sy "hoofdkerk" gemaak. Hierdie kerk – so het die Grondwet van Natalia bepaal – moes te alle tye "geprotecteerd" en "erkend" word.[35] Die Dordtse Kerkorde praat van die staatsowerheid wat die Gereformeerde Kerk moet beskerm en bevorder.[36] Dat kerk en staat een van sin was, blyk ook uit die Gelofte van Desember 1838 waar die lede of burgers van die "Wenkommando" – 'n Voortrekkerstaatsinstelling – as belydende lidmate van die Ned. Geref .Kerk aan God 'n gelofte – kop vir kop in 'n gesamentlike gebed – kon doen.[37] Meer nog, die "Vetriviergrondwet" van die trekkende Boere-emigrante, soos opgestel op 17 April 1837 naby die latere Winburg, het as 'n staatsdokument begin met 'n tipies kerklike uitdrukking: "Wij gerefformeerde Leedematen".[38]

In hierdie klimaat was dit vir sy Volksraad 'n logiese stap dat die Republiek van die Vrystaat die Ned Geref Kerk beskerm en ondersteun. Ned Geref -lidmate was immers die oorgrote meerderheid van die stemgeregtigde burgers van die staat. Daarby was die "vernaamste wetgewers van die Staat ook identies … met die persone wat ampte as ouderlinge" in gemeentes van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat beklee het.[39]

Om die bevoorregte kerk te wees, het egter nie beteken dat die Ned.Geref. Kerk die enigste toegelate kerk of staatskerk in die Vrystaat was nie. In 1879 stem die Vrystaatse Volksraad R12 000 vir die Ned Geref Kerk, R500 vir die Wesleyaanse Kerk, R200 vir die Lutherse Kerk en R500 vir 'n ongedefinieerde Engelse Kerk.[40] Hierdie toelaag bou moontlik op die persentasie van hierdie kerke van die staatsbevolking en op Artikel 23 van die Grondwet wat bepaal: "De bevordering van godsdienst en onderwijs is een onderwerp van zorg voor den Volksraad".[41] Die vryheid van Protestantse Kerke in die Republiek van die Oranje-Vrystaat is in 1854 deur 'n regeringsproklamasie

34 Die Republiek Natalia is teen die middel van 1838 "in die lewe geroep" met sy Regulatien en Instructien voor den Raad van Representanten van het Volk en 'n verkose Volksraad van 24 lede. MCE Van Schoor en JJ van Rooyen, *Republieke…*, pp. 59-60; J Visagie, "Uittog en vestiging van die Voortrekkers in die binneland", F Pretorius, (red), *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, pp. 131-150.

35 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 167.

36 P Biesterveld en HH Kuyper, *Kerklijk handboekje…,* p. 233.

37 AD Pont, "Die Gelofte van 1838 – 'n poging om die teologiese agtergond daarvan te peil", AD Pont (red.), *Die Gelofte van 1838* (Pretoria, Kital, 1988), p. 62; PJ Strauss, "Nogeens: Die agtergrond, inhoud en implikasies van die Gelofte van 1838", *Hervormde Teologiese Studies*, 57(3 en 4), pp. 817-818, 821-824.

38 GS Preller, *Voortrekkermense* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1920), p. 300.

39 JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat...*, p. 81.

40 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 176.

41 OVS Wetboek, *Constitutie…*, p. 14.

gewaarborg.[42] Rooms-Katolieke kerklidmate kon nie staatsposte beklee nie, maar is nie in hulle godsdiensuitoefening beperk nie.[43] Die Ned Geref Kerk was 'n bevoorregte kerk en daarom, soos in Natalia, die "hoofdkerk" van die staat. Tog is hy nie, soos by 'n staatskerk, voorgeskryf in kerkeie sake soos sy belydenisskrifte, kerkorde en besluite nie.[44] Kriel beweer dat Artikel 24 van die Grondwet, wat bepaal dat die Ned Geref Kerk in die Vrystaat deur die Republiek "bevorderd en ondersteund" word, op 'n implisiete erkenning van die Volksraad dui dat hy hierdie kerk as "soewerein in eie kring" – 'n term uit die Neo-Calvinistiese Wysbegeerte na 1880 in Nederland – beskou.[45]

Die Ned Geref Kerk in die Vrystaat se bevordering van gehoorsaamheid aan die owerheid

Steeds op die Nederlands-gereformeerde lyn en vanuit die Nederlandse Geloofsbelydenis bepaal die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat in Artikel 11 van sy Wette en Bepalinge van 1864 dat onderdanigheid aan die landsowerheid en gehoorsaamheid aan die landswette een van die oogmerke van sy vergaderings moet wees.[46] Hierdie bepaling staan in 'n duidelike gereformeerde tradisie. Soos aangetoon, was die invloed van die Ned Geref Kerk op wet en orde in die Vrystaat waarneembaar. Daarmee sou hierdie kerk die taak van die Volksraad vergemaklik én sy gebondenheid aan hierdie wêrelddeel verwoord.[47] Die Sinode van die Vrystaatse Ned Geref Kerk van 1887 besluit boonop op 'n jaarlikse gebed in gemeentes vir die Volksraad.[48]

Oberholster en Van Schoor som die saak so op: hoewel die Ned Geref Kerk in die Vrystaat deur die Volksraad begunstig is, het dit geen besondere regte en voorregte bo enige ander kerk in die Republiek geniet nie. Die Ned Geref Kerk is erken in onderwyssake en sedelik-morele kwessies, het 'n ereplek by staatsfunksies ingeneem en staatshulp vir – ondermeer – die besoldiging van predikante ontvang, maar is verder soos enige ander gereformeerde kerk in Suid-

42 Op 10 Maart 1854 vaardig die voorlopige (provisionele) regering van die Vrystaat 'n proklamasie uit dat alle Protestantse eredienste "in dit land ongehinderd' toegelaat sal word. JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...*, p. 208.

43 MCE van Schoor en JJ van Rooyen, *Republieke en republikeine...,* p. 125.

44 PJ Strauss, "Die sinodale verband van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat...", *Acta Theologica*, 27(1), p. 131.

45 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 163; A Kuyper, *Souvereiniteit in eigen kring* (Kampen, Kok, 1930), p. 35.

46 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *1865 , Wetten en Bepalingen* (Sonder plek of uitgewer), Artikel 11.

47 PJ Strauss, "Die sinodale verband van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat...", *Acta Theologica*, 27(1), pp. 122; 129-131.

48 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (Sonder plek of uitgewer, 1887), p. 866.

Afrika behandel.[49] Dieselfde skrywers praat van die "heelhartige" staatsteun en -beskerming wat die Ned Geref Kerk in die Vrystaat geniet het sonder om aan die "opperheerskappy van die staat" onderwerp te word. Volgens hulle het die gereformeerde benadering of die "beginsels" van die Dordtse Sinode van 1618-1619 in die eerste gedrukte *Wette en Bepalinge* van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat in 1864 neerslag gevind. In die voorwoord van hierdie dokument word daar reeds gesê dat die Vrystaatse Ned Geref Kerk hom "onvoorwaardelijk hecht" aan die beproefde leer van die "Dordtse vaderen" soos vervat in die belydenisskrifte van die Nederlandse Gereformeerde Kerke.[50]

Hierdie reëling oor die verhouding tussen die Ned Geref Kerk in die Vrystaat en die Vrystaatse Republiek is gehandhaaf met die behandeling van 'n beskrywingspunt oor kerk en staat deur die Sinode van 1877. Na 'n bespreking besluit die vergadering om af te stap van die saak. Die motivering: sedert sy selfstandige bestaan vanaf 1864 geniet die Vrystaatse Ned Geref Kerk die ondersteuning en vertroue van die Vrystaatse Regering op "kenbare wijzen". Daar is dus geen rede vir 'n ander bepaling van die houding tussen kerk en staat nie.[51] Hierdie houding word in 1884 van staatskant bevestig. By sy beëdiging as staatspresident in 1884 antwoord pres JH Brand op 'n adres van die Sinode: "Waar Kerk en Staat hand aan hand gaan en hartelyk samenwerken" moet hulle pogings geseënde vrugte dra en tot beide se vooruitgang lei.[52]

Dit is op praktiese voorbeelde van die bevordering en ondersteuning van die Ned Geref Kerk deur die Republiek van Oranje-Vrystaat waarop daar nou ingegaan word.

Toepassings van die Grondwet op die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat

Wedersydse erkenning in seremonies

Die oortuiging dat die Vrystaat 'n Christelike staat is en dat die Ned Geref Kerk in die Vrystaat in dié proses 'n kerklike rol moet speel, blyk uit die Volksraadsreglemente van 1858. Oor die opening van 'n Volksraadsitting

49 JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat...*, p. 109.
50 JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat...*, p. 77; Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Wetten en Bepalingen…*, Voorwoord.
51 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (Sonder plek en uitgewer, 1877), p. 221.
52 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (Sonder plek en uitgewer, 1884), pp. 734-735.

bepaal Artikel 62 dat, sodra die staatspresident die vergadering "is binnengeleid", die predikant van die Ned Geref Kerk Bloemfontein 'n gebed doen. Indien hy nie teenwoordig kan wees nie, moet die sekretaris van die Raad 'n ander (Ned Geref) predikant vooraf skriftelik versoek om die gebed te doen. Volgens Kriel dui hierdie reëling enersyds op die Christelike aard van die Republiek, en andersyds op die erkenning van die Ned Geref Kerk as die bevoorregte kerk.[53] Die Volksraad wou hierdie erkenning selfs in sy "uiterlike seremonies" vertoon.[54] Teen hierdie agtergrond wek dit nie verbasing dat die Vrystaatse Sinode van 1865 die Volksraad in kennis stel van sy gebede om die seën van die Here oor die "beraadslagingen" van die raad nie.[55]

Hoe die bande tussen die Republiek en die Ned Geref Kerk was, blyk ook uit die seremoniële kontak tussen die voorgangers van kerk en staat. President JH Brand en die Volksraad is, byvoorbeeld, 'n gas by die opening van die Sinode van 1882.[56] Brand is ook teenwoordig by die Sinodes van 1884[57] en 1887.[58] Die "hoogedelen" Volksraad handhaaf sy bevoorregting van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat deur die Sinode uit te nooi na die hoeksteenlegging van die nuwe presidensie in 1885.[59] By die opening van 'n nuwe sinode op 9 Mei 1889 staan die lede op om met eerbied kennis te neem van die afsterwe van die eerste bewoner van hierdie presidensie, president Brand. Die nuwe staatspresident, FW Reitz, word in die vergadering verwelkom. Hy maak dus onmiddellik persoonlik kontak. Daarmee gee hy te kenne dat die Sinode en die Ned Geref Kerk vir hom as staatshoof belangrik is. Sy besoek hou ook verband met die Republiek se grondwetlik bepaalde bevordering en ondersteuning van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat. Die uittredende voorsitter van die Sinode, ds PA Winter, rig hom waarskynlik òòk tot die nuwe president met sy tema: "Hy is dit werd dat u dit vir Hom doen".[60] Dat hierdie soort besoeke oor en weer gebring en kerk en staat se wedersydse belangstelling in mekaar so simbolies deurgegee word, blyk op die Sinode van 1871. Die vergadering taak ds PAC van Heyningen van Winburg om sy beste wense aan die Volksraad by sy eersvolgende gewone sitting oor te dra.[61]

53 Kriel kies natuurlik die term "staatskerk"; 'n term wat nie gehandhaaf kan word nie.
54 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 182.
55 GBA Gerdener, *Boustowwe vir die geskiedenis...,* p. 163 vir brief.
56 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (*s.l.*, *s.n.*, 1882), p. 513.
57 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (1884), p. 674.
58 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (1887), p. 865.
59 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (1885), pp. 755, 761.
60 GBA Gerdener, *Geskiedenis van die Ned Geref Kerke...*, p. 215.
61 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (*s.l.*, *s.n.*, 1871), p. 121.

Daar is gewys op die adres van die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat aan pres Brand by sy vyfde inhuldiging as staatspresident in 1884 (sy bewind strek van 1864-1888).[62] 'n Kerklike adres aan die staatshoof by die aanvaarding van sy vyfde termyn van vyf jaar,[63] en sy reaksie is 'n bewys van die hartlike erkenning én belang van kerk en staat by mekaar.

Seremoniële handelinge van hierdie aard illustreer die erns en stabiliteit van die houdings daaragter. Dit is dus 'n teken van die "gesonde samewerking en 'n innige onderlinge belangstelling" tussen die Ned. Geref Kerk in die Vrystaat en die Republiek van die Oranje-Vrystaat waarna Kriel verwys. 'n Wisselwerking wat ook blyk uit die Ned Geref Kerk in die Vrystaat se insette met sosiale wetgewing, onderwys in die algemeen en – soos reeds aangetoon – 'n ordelike samelewing.[64]

Sosiale wetgewing beïnvloed deur die Ned Geref Kerk in die Vrystaat

'n Saak wat by meer as een sinode van die Vrystaatse Ned Geref Kerk aandag kry, bestaan uit punte wat verband hou met die misbruik van alkoholiese drank. Volgens Oberholster en Van Schoor was drankmisbruik 'n realistiese gevaar vir daardie Christelike moraal en sedes wat die Ned Geref Kerk in die Vrystaat wou bevorder. Ordonansie 10 van 1856 van die Volksraad het bepaal dat 'n lisensie vir die verkoop van drank aan elke 30 manspersone toegestaan kan word. Kantiene het dwarsoor die Vrystaat verrys en dronkenskap wat gepaardgaan met geweld en diefstal was nie 'n "ongewone" verskynsel nie. Daarom versoek die Sinode van 1877 die Volksraad om die invloed van "buitekantiene" te bekamp.[65] Laasgenoemde sien nie die nodigheid van wetgewing hieroor in nie, maar gee toe dat bestaande wette beter toegepas moet word. Toe die Sinode van 1879 by die Volksraad daarop aandring dat die "buitekantiene" afgeskaf word, word die kantiene deur Ordonansie 5 van 1880 "enigsins" verminder. Dronkenskap word egter nie bekamp nie.[66] Die kerk sou egter nie die aftog blaas nie.

62 H Giliomee, "Ideale gemenebes in Afrika-omstandighede: die Vrystaatse Republiek 1854-1900", D Langner *et al.* (reds.), *Republiek van die Oranje-Vrystaat 160* (Pretoria, FAK, sonder jaar), p. 19.

63 Republiek van de Oranje-Vrystaat (Rep van OVS), Hoog edelen Volksraad. Notulen 1867 (VN), (Bloemfontein, Van Iddekinge, 1868).

64 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 207.

65 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (1887), p. 215.

66 JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat...*, p. 90.

Die Sinodes van 1882 en 1883 opper die saak weer by die Volksraad. Die Sinode van 1882 vra nou uitdruklik dat die vermeerdering van "dorps- en buitekantiene" teengegaan word.[67] 'n Memorie (memorandum) en 73 versoekskrifte onderteken deur 2 953 persone vergesel die vertoë van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat. Hierdie keer hersien die Volksraad die kwessie van die verkoop en lewering van drank radikaal. Onder Ordonansie 10 van 1883 word dranklisensies in die Republiek nou slegs onder regeringskontrole uitgereik. So word die probleem met "buitekantiene" opgelos. In 1884 gee die Sinode te kenne dat die Ordonansie effektief is en die smokkel en misbruik van drank verminder. Hy betuig ook sy "innige" dank[68] teenoor die Volksraad.[69] In 1884 en 1885 is daar pogings om die wysiging van die nuwe drankwet nietig te verklaar, maar Ordonansie 6 van 1886 bevestig en verbeter dit. Hierdie Ordonansie bly onveranderd op die Vrystaatse wetboek staan tot met die oorlog van 1899-1902.[70]

Die Vrystaatse Ned Geref Kerk volg dus nie die Vrystaatse Volksraad slaafs nie. Die waardering vir die staatsvaders is daar, maar hierdie kerk openbaar ook 'n uitgesproke kerklike selfstandigheid in sosiaal-etiese kwessies. 'n Houding wat nie sou pas indien hy 'n staatskerk was nie. Dit gaan hier om 'n vryheid wat nie deur die Volksraad gedwarsboom word nie. Inteendeel, die agting en respek van die owerheid vir die mening van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat op hierdie terrein blyk uit hulle eventuele hantering van die saak.

Die Sinode van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat bring ook die gevaar van geslagsiektes onder die aandag van die Volksraad. Die Sinode van 1885 versoek die Volksraad om maatreëls in werking te stel om hierdie siekte te bekamp. Die Volksraad reageer deur bestaande wetgewing uit te brei om sifilis hok te slaan. Die Volksraad wil egter nie wette maak om die Ned Geref Kerk se kommer oor onsedelikheid onder die swart mense tegemoet te kom nie. Die kerk kan wel die owerheid se wetgewing teen huwelike tussen mense wat te nou aan mekaar verwant is, sterk ondersteun. Vir die Ned Geref Kerk in die Vrystaat se kommer oor die ontstaan van 'n armblankevraagstuk in die laat 1890's vind hy in pres MT Steyn (1896-1902) 'n bondgenoot. Die Afrikaanse kerke neem egter eers na 1902 daadwerklike stappe om hierdie

67 GBA Gerdener, *Geskiedenis van die Ned Geref Kerke...*, p. 213.

68 Die woordjie "innig" is dikwels gebruik wanneer die Ned Geref Kerk 'n instansie wil oortuig van sy dankbaarheid. 'n Unieke dankbaarheid – vir 'n gereformeerde kerk – haal ook die Ned Geref Kerkorde van 1962 as die Algemene Sinode die destydse Suid-Afrikaanse regering wil oortuig van sy dankbaarheid vir die beskerming van die owerheid. Ned Geref Kerk, *Kerkorde* (Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery, 1964), p. 14.

69 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (1884), pp. 666, 668, 672.

70 JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat...*, p. 90.

saak te hanteer.[71] Hoewel die spoorlyn Bloemfontein in daardie stadium nog nie bereik het nie, spreek die Sinode van 1889 hom teen Sondagstreine uit.[72] Reeds voor die ontstaan van die sinodale verband van die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat in 1864 [73] gaan daar Ned Geref -stemme op vir wetgewing om die sabbatskarakter van die Sondag in die Republiek te verseker; stemme wat nie altyd met sukses bekroon is of op wetgewing uitgeloop het nie.[74]

Die Ned Geref Kerk in die Vrystaat speel ook ’n beduidende rol in die onderwys in die Vrystaat.

Die Ned Geref Kerk en onderwys in die Vrystaat

Met ’n skoolstelsel wat nog in sy kinderskoene staan, besluit die Volksraad op 16 Februarie 1855 – ’n skrale jaar na die ontstaan van die Republiek van die Oranje-Vrystaat – dat daar in elke landdrosdistrik ’n skoolkommissie sal wees om die “Gouvernementsschool” van die distrik te beheer. Onder mense wat mank gaan aan formele skoolonderwys word die plaaslike landdros en Ned Geref -predikant of konsulent uit hoofde van hulle ampte lede van so ’n kommissie. Hulle is immers op daardie stadium van die “weinig geleerde” mense in die gemeenskap.[75]

In Julie 1866 nooi pres Brand òòk die predikante as verteenwoordigers van “die Kerk” om voorstelle vir die verbetering van die onderwys in die Republiek te maak. Ds PAC van Heyningen van Kroonstad kom met ’n “konsepreglement” wat enkele jare later as die grondslag van die Vrystaatse onderwyswet dien. Volgens Kriel was die “leraars en opsieners” van die Ned Geref -gemeentes oor die algemeen die enigste “seksie van die plattelandse bevolking” wat bekwaam was om oor ’n belangrike onderwerp soos die onderwys toesig te hou.[76]

Op 11 Mei 1871 ontmoet ’n kommissie van vyf Volksraadslede ’n afvaardiging van die Sinode van die Vrystaatse Ned Geref Kerk, waaronder ook ds Van Heyningen, om oor onderwys in die Vrystaat te beraadslaag. Uit hierdie gesprek vloei ’n wetsontwerp op “Openbaar Onderwijs in den Oranje-

71 JJ Oberholster en MCE van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat...*, p. 91.
72 GBA Gerdener, *Geskiedenis van die Ned Geref Kerke...*, p. 216.
73 PJ Strauss, “Die sinodale verband van die Ned Geref Kerk in die Vrystaat...”, *Acta Theologica*, 27(1), p. 217.
74 JD Kriel, “Die verhouding tussen kerk en staat...”, *Argiefjaarboek...,* p. 184.
75 JD Kriel, “Die verhouding tussen kerk en staat...”, *Argiefjaarboek...,* p. 190.
76 JD Kriel, “Die verhouding tussen kerk en staat...”, *Argiefjaarboek...,* pp. 192-193.

Vrystaat" wat aan die Volksraad voorgelê word. Kriel beskou die ontwerp as die eerste tasbare produk van samewerking tussen die Vrystaatse Ned Geref Kerk en die Volksraad op onderwysgebied. In hierdie praktiese, Christelik-eties gefundeerde stuk is 'n doeltreffende onderwyswet geformuleer. Eventueel word die ontwerp, soos gewysig, Ordonansie 5 van 1872.[77] Hierdie produk van samewerking tussen die Ned Geref Kerk en die Volksraad rondom skoolonderwys, was nou op die wetboek van die Republiek.

Dit spreek ook uit sy naam dat die skool, Greykollege in Bloemfontein, sy ontstaan aan 'n skenking van die destydse Kaapse Goewerneur, sir George Grey, te danke het. Gedurende Oktober 1855 kom sy aanbod op die vergaderings van beide die Ned Geref Kerk se Ring van die Transgariep en die Volksraad ter sprake. Pres JN Boshoff verklaar voor die Volksraad dat Grey "de School heeft gesteld" onder die bestuur van die Ring, maar ook van die Volksraad, indien laasgenoemde die skool wil steun en hom met die bestuur daarvan wil inlaat. Na jare van finansiële ondersteuning neem die Volksraad in 1882 die geboue, besigheidsaktiwiteite en skulde van die Kollege by die Vrystaatse Ned Geref Kerk oor. Daarmee saam kry die Republiek ook verteenwoordiging op die Kuratorium. Die Ned Geref Kerk sou egter by die toesig oor die skool betrokke bly.[78]

Die Ned Geref Kerk in die Vrystaat – in samewerking met die Volksraad – inisieer ook die ontstaan van die "Jongedames-Instituut" of Meisieskool Eunice in 1876 in Bloemfontein "langs die Grey-Kollege".[79] Hierdie samewerking vind in die samewerking tussen die Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Ned Geref Kerk ten opsigte van Greykollege sy voorbeeld.[80] In 1878 besluit die Sinode dat die gemeentes die uitstaande skuld van R5 600 op Eunice afbetaal. Die vergadering neem kennis van die toename in leerlingtal by die skool en 'n regeringstoelae van R5 600 op die geboue.[81]

Twee ander meisieskole in die Vrystaat loop dieselfde pad as Grey en Eunice ten opsigte van stigting en beheer: die meisieskool van Fauresmith en die Bethlehemse Seminarie. Albei ontstaan in die 1880's.[82] Die Ned Geref Kerk in

77 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* pp. 194-196.
78 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (1881), pp. 440, 456; (1884), p. 675; (1885), pp. 804, 808; (1887), pp. 917, 921; (1889), p. 973; (1897), pp. 124, 126.
79 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (Sonder plek of uitgewer, 1874), p. 8.
80 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen…* (1881), pp. 440, 456; (1884), p. 675; (1885), pp. 804, 808; (1887), pp. 917, 921; (1889), p. 973; (1897), pp. 124, 126; JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 197; GBA Gerdener, *Geskiedenis van die Ned Geref Kerke...*, p. 175.
81 Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, *Handelingen van de Sinode* (Sonder plek of uitgewer, 1878), pp. 280-282.
82 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* pp. 201-202.

die Oranje-Vrystaat speel ten opsigte van skoolonderwys in die Vrystaat in die republikeinse tyd van 1854-1902 'n inisiërende, adviserende, toesighoudende en, soms, finansieel-ondersteunende rol. 'n Ideaal van die kerk word in 1895 bereik met die bekragtiging van die Verpligte Onderwysstelsel deur die Volksraad; 'n hoogtepunt wat tot met die uitbreek van die oorlog in 1899 gehandhaaf word.[83]

Die Ned Geref Kerk in die Vrystaat: Staatsbevoorregting

Die Volksraad van Republiek van die Oranje-Vrystaat se bevordering en ondersteuning van die Ned Geref Kerk blyk uit genoemde voorbeelde. Opgesom kom hierdie steun neer op geestelik-morele en materiële steun; steun wat ook uit ander voorbeelde blyk.

Aanvanklik betaal die staatsowerheid die salarisse van die predikante. 'n Voorstel van Jos de Villiers in 1879 aan die Volksraad dat die Vrywillige Beginsel ingevoer word, sodat kerke hulle predikante of geestelikes self betaal, word nie aanvaar nie. Dit sou te drasties wees. Predikantsalarisse word egter laat vaar ten gunste van 'n "vaste" jaarlikse toelaag van die Volksraad aan elke erkende kerk in die Vrystaat. Hierdie besluit verminder die aansoeke van kerke om finansiële hulp van die owerheid oor 'n verskeidenheid sake. Die staatskas kon eenvoudig nie meer alles dra nie. Die Ned Geref Sinode van 1891 besluit om nie weer 'n "verdere toelage voor Predikantsalarissen" aan te vra nie.[84] Deur die genoemde toelaag sou die staat egter steeds die kerke steun en bevorder.

Kriel oordeel dat agitasie vir die Vrywillge Beginsel reeds sedert 1886 in die Vrystaatse Volksraad 'n "natuurlike dood" sterf. Die Raad se trou aan Grondwet Artikel 24 blyk ook uit die verhoogde toelaag van R16 000 wat in 1893 aan die Vrystaatse Ned Geref Kerk toegesê word. Hierdie toelaag bly tot aan die einde van die Republiek se bestaan so en is die "resultaat van die harmoniese samewerking" tussen die Republiek en die Ned Geref Kerk.[85]

83 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 206. Vergelyk die brief van FP Louw van Jacobsdal op 2 November 1865 oor "behoorlijk" opgeleide onderwysers in distrik- of privaatskole. GBA Gerdener, *Boustowwe vir die geskiedenis...,* p. 163.

84 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 176.

85 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 177.

Die Volksraad kom die Ned Geref Kerk in die Vrystaat ook op ander maniere, as met die vergoeding van sy predikante, finansieel te hulp. Vanaf sy ontstaan maak die Volksraad 'n "gewoonte daarvan" om twee regeringsplase aan elke nuutgestigde Ned Geref -gemeente te skenk. Aansoeke vir sulke plase is jaarliks ingedien en, op enkele uitsonderings na, toegestaan. Die aansoeke tussen 1861-1866 (waaronder dié van Winburg, Harrismith, Jacobsdal, Bethlehem, Bloemfontein en Boshof) is byvoorbeeld almal toegestaan.[86] Wat ook uit hierdie voorbeelde blyk, is dat hierdie skenkings aan gemeentes soms enkele jare na hulle stigting gedoen word.

Nuwe dorpe in die Vrystaat in die tydperk 1854-1902 ontstaan dikwels op inisiatief van lidmate uit gemeentes of kerkrade van die Vrystaatse Ned Geref Kerk. Die Volksraad ag homself nie by magte om 'n "onverantwoordelike" inisiëring hiervan – tot die uitsluitlike voordeel van die betrokke indiwidue – deur wetgewing te beheer nie. Daarom besluit die Sinode deur Artikel 33 van sy Wette en Bepalinge dat kerkrade en ringe nie hulle steun aan sulke dorpe kan gee indien hulle oordeel dat dit nie verantwoordelik is nie. Kriel kom tot die slotsom dat die feit dat die kerk, en nie die Volksraad nie, hieroor kontrole kon uitoefen, 'n bewys is van die leidende rol wat die Vrystaatse Ned Geref Kerk in die Republiek gespeel het.[87] Die Ned Geref Kerk in die Vrystaat word in 1869 ook deur die Volksraad tegemoet gekom as predikante vrygestel word van verpligte militêre of kommandodiens.[88]

Die Vrystaat: 'n Vrye kerk in 'n vrye staat

Die Vrystaatse Ned Geref Kerk kon op grond van Artikel 24 van die Grondwet van die Republiek staatmaak op die bevordering en ondersteuning van die Volksraad. As gevolg van die noue vertrouensverhouding en hartlike samewerking tussen hierdie kerk en die Republiek in die tydperk 1854-1902, lyk die Ned Geref Kerk in die Vrystaat op sigwaarde na 'n staatskerk. Tog was hierdie kerk as 'n kerk of geloofsinstelling – in kerkeie sake – nie onderworpe aan die besluite van die Volksraad nie (dit was dus nie 'n staatskerk nie) en is dieselfde kerk nie uitermate bo ander Protestantse kerke in die Vrystaat bevoordeel nie. Wat sy situasie wel anders gemaak het, was die feit dat sy lidmate deurgaans meer as 80% van die stemgeregtigde burgers van die

86 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 171.
87 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 180.
88 JD Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat...", *Argiefjaarboek...,* p. 182.

Republiek uitgemaak het en dat die lede van die Volksraad feitlik almal in Ned Geref -kerkrade gedien het. Hierdie feite sou hulle verhouding verinnig.

Beide kerk en staat het hulself as onder die heerskappy van God beskou. Vanuit hierdie vertrekpunt was hulle een van hart en sin met ’n wedersyde erkenning en respek vir mekaar. Hoewel hulle hartlik saamgewerk en oor die groot koersbepalers in die gemeenskap saamgestem het, het beide die eie aard en taak van die ander een erken. Die Volksraad het die Ned Geref Kerk as ’n geloofsinstelling met ’n geloofstaak wat nie deur die gesag of grense van die staat beperk kan word nie, erken en die bevoegdheid van die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat in geloofs-etiese sake gerespekteer. Op sy beurt het die Ned Geref Kerk in die Vrystaat die Volksraad in sy gebede onthou en, in praktyk – kragtens die vyfde Bybelse gebod – gehoorsaamheid aan die Republikeinse owerheid en die behoud van openbare sedes voorgestaan.

Hierdie verhouding het bygedra tot die kalme atmosfeer waarin die Vrystaatse gemeenskap in die jare 1854-1902, maar veral na die oorloë teen die Basoetoes, wat in 1868 eindig, kon ontwikkel.